**Donderdag 28 Mei 2020** **Vreesloos 8: Waag in geloof!**

**Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Opsomming van al die dienste sover

Opsomming van al die dienste sover

**Donderdagoggend** het ons gesels oor die een vrees wat sin maak: vrees vir God. Ons probeer God in boksies sit, maar hoe groter God is, hoe kleiner ons vrese.

**Vrydagoggend** het ons die verhaal gelees van Jesus wat die storm stilmaak. Vrees maak dat ons nie op God vertrou nie, maar sekuriteit aanbid. Tog is dit die opdrag wat Jesus die meeste gee (meer as die opdragte tot liefde): moenie bang wees nie.

**Saterdagoggend** het ons gesê dat ons almal wil voel dat ons maak saak. Tog het ons die gevoel dat ons nie saak maak, nie liefde werd is nie – ons het die beeld van die vyfde mossie gebruik. Dis 'n selfvervullende profesie. Ons het waarde by God! God gee vir ons genoeg om – hy tel selfs die hare op ons kop.

**Sondagoggend** het ons gevra: “Wat as ek God teleurstel?” Ons het gesê jy hoef nooit bang te wees dat God se genade gaan opdroog, dat dit 'n eindpunt gaan bereik nie

**Maandagoggend** het ons gehoor dat ons nie moet fokus op aardse rykdom en ons veiligheid en sekuriteit daarin vind nie, maar eerder God moet ken in ons daaglikse **lewe, Hom moet vertrou met alles en alles in Sy herders hande plaas…**

**Dinsdagoggend** het ons vir mekaar gesê kyk na Jesus en hou jou oë op Jesus, moenie vaskyk in die storms nie, Kyk na Jesus, want Hy is hier.

**Woensdagoggend** het ons gesê dat wanneer ek en jy die grootste vrese van die lewe in die gesig staar kan ons ook op ons knieë gaan en bid…

So dalk moet ons tema nie "vreesloos" wees nie, moet ons nie streef daarna om glad nie bang te wees nie. Nie vreesloos nie, maar dapper. Ook nie lafhartig nie, maar leef vanuit krag en liefde en selfbeheersing. Waag in geloof. Om ten spyte van ons vrees, te midde van ons vrees, steeds lief te hê.

**Seëngroet**

Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here, deur die kragtige werk van die Heilige Gees.

**Preek: Waag in geloof?**

Ons het baie gepraat hierdie week oor vrees, oor die manier waarop vrees ons lewens oorneem, ons vashou.

- En voor ons ons oë kan uitvee, is vrees die mag wat ons beheer.
- Vrees wys vir ons waar ons hart werklik is, wat ons werklik lief het.
- So dalk moet ons tema nie "vreesloos" wees nie, moet ons nie streef daarna om glad nie bang te wees nie of dalk – **<u>Waag in geloof!</u>**

In 'n wêreld vol storms moet ons probeer om nie bang te wees nie, maar eerder ons geloof in die Here te versterk. Ons moet leer om te waag in geloof.

- Om ten spyte van ons vrees, te midde van ons vrees, steeds lief te hê.

Jesus roep ons tot dissipelskap – om Jesus te volg, is 'n waaghalsige ding om te doen.

- Om dié rede ly ek ook hierdie dinge sê 2 Tim 1:12. (Paulus aan Timoteus)
- Om Jesus te volg vra van ons om kanse te waag, soos om vreemdelinge te huisves, hongeres te voed, siekes te verpleeg, gevangenes te besoek, naaktes te klee (Matt. 25:31-46)

**Jesus roep ons om kruis op te neem.**

**Matteus 16:24-25**

24. Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 25. want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.

## Om Jesus te volg, beteken self-opofferende liefde. Liefde vir vyande.

Wanneer engele in die Bybel aan mense verskyn, begin hulle hul boodskap met: “Moenie bang wees nie”. Ons dink dis omdat gewoon die verskyning van 'n engel, 'n bonatuurlike wese, mense sal bang maak. Kan dit wees dat engele sê “moenie bang wees nie”, omdat dit is wat dit verg om God te volg? Dat jy jou vrees sal moet beheer, oorwin, as jy wil gaan waar God jou stuur?

Om Jesus te volg, is baie dinge, maar “veilig” is nie een daarvan nie. Om Jesus te volg, beteken dat ons daardie mag wat sigself voordoen as sekuriteit, laat gaan, sodat ons ons naaste kan liefhê en vreemdelinge kan verwelkom.

Maar in 'n wêreld vol vrees is hierdie risiko's – die risiko om Jesus te volg – ekstra moeilik.

2 Timoteus 1:12

| | |
|---|---|
| 12 | Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou. |

Vrees is op die ou end nie net 'n innerlike saak nie, maar ook 'n morele saak.

Vrees se waardes is goed soos lafhartigheid waarvan Paulus praat in 2 Timoteus 1:7

- Dis goed soos luiheid, woede, geweld.
- Ons som dit gewoonlik op as “veg of vlug”.

Die antwoord op vrees kan tog nie wees om te vlug van liefde, te onttrek van die wêreld nie?

- In elk geval, wanneer ons op vlug slaan, sal ons altyd vind dat vrees ons agtervolg.
- Wanneer ons kies vir veg, sal ons vind dat vrees baie meer sal toeneem.
- Vrees se waardes is opgaar en agterdog
- Opgaar sê voorsien vir 'n reënerige dag. (Dit gaan net oor my en my eie wese)
- Agterdog sê jy praat nie met vreemdelinge nie.

As vrees se waardes dan opgaar en agterdog is…..

**…dan roep Christus ons**

- Om uit die boot uit te klim en soos Petrus te loop op die water na Jesus toe,
- om te waag in geloof,
- om te waag om vrygewig te wees,
- om te waag om gasvry te wees,
- om te waag om vrede te maak.

Of teks se woorde: Krag om vrygewig te wees. Liefde om gasvry te wees.

Selfbeheersing om vrede te maak.

- Jesus nooi om uit die boot te klim en die storms aan te durf.
- Jesus roep ons om te waag in geloof.
- Jesus roep ons om dapper te wees.

Dapperheid is nie onverantwoordelik nie. Omsigtigheid en dapperheid is twee kante van dieselfde munt.

- Dapperheid is die vermoë om te doen wat reg is, selfs al is ons bang.
- Dapperheid is broosheid. Om te erken dat ons bang is. Om te erken dat ons nie op ons eie op die water kan loop nie.

**1 Kor. 1: 27**

wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam,

**2 Kor. 12: 9-10**

9. Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. 10. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

**God neem nie ons broosheid weg nie. Hy werk juis deur ons broosheid, deur ons swakheid.**

**Om dapper te wees, is om op God te vertrou.** Dit is om te erken dat ons nie kan nie, nie sterk genoeg is nie – en dan na Jesus te kyk en ons hand na hom uit te steek. “dra jou ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee” sê Paulus vir Timoteus.

Paulus sê as’t ware vir Timoteus – moenie bang wees vir die pad wa jy moet loop nie. Hy sê ook vir Timoteus dat hy nie moet bekommerd wees nie want die Here is saam met hom op die reis waarmee hy besig is.

En seker een van die mooiste dele in brief Timoteus is dat Paulus hom juis moed in praat en sê ek (Paulus) is dalk in die tronk, maar ek is nie bang nie, want die Here is met my en al gaan dit hoe sleg met my sal ek nie bevrees wees nie…

- Kom ons ruil vanoggend ons vrees vir liefde.
- Kom ons ruil vrees vir geloof.

Kom ons gaan lewe naby aan die Here, want Psalm sê  23 selfs al gaan ons deur die dal van doodskaduwees hoef ons nie bang wees nie, WANT die Here is met ons en Hy is ons sorgsame Herder wat ons lei na die velde van rus en vrede.

Amen.

**Gebed**

**Seën:**
Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.